

Ventersburg NG Gemeente hou groot Orrelfees

11 Mei om 17:30

Op 13 Junie 1912 is die hoeksteen van die teenswoordige sierlike kerk deur president M.T. Steyn gelê, op dieselfde plek waar die ou geskiedkundige gebou gestaan het. Die argitek was William Henry Ford.

Die gemeente het 'n Cooper, Gill en Tomkins, 3 manueel orrel wat in 2018 herstel is, nadat daar water ingelek het by die Swelkas gedeelte van die orrel.

Saterdag 11 Mei om 17:30 bied die gemeente 'n orrelfees aan o.l.v. Isabel Kruger. Daar was aanvanklik 'n orreluitvoering gereël waar Isabel Kruger en Werner Ferreira sou speel. Na die skielike dood van Werner in Februarie 2019, is die program gewysig en 'n paar orreliste het saamgekom om hulde te bring aan 'n geliefde orrelvriend.

Die orreliste wat gaan optree is Gustav Potgier (huidige orrelis), Richard Cawood, (Aflos-orrelis), Annette Viviers (vorige orrelis) Hannelie Holtzhausen (Orrelis te NG Steynsrus), Pieter van den Berg, (orrelis te NHK Pretoria Oos) en Isabel Kruger

(Orrelis te NG Kroonstad Oos).

Die 2de gedeelte word hoofsaaklik opgedra aan Werner Ferreira met 'n paar komiese staaltjies uit sy lewe.

Werke van Jeremiah Clarke, GF Handel, Lemmens, Edward Elgar, Max Bruch en nog ander word gespeel. Op fluite is Carel en Carla Steyn (Kroonstad) en Carlo Wright (Klerksdorp) op trompet.

Die program behels ook 2 Improvisasies wat geskryf en verwerk is deur Carlo, Isabel en Pieter.

Die program word afgesluit met 2 duette op die orrel deur Isabel Kruger en Pieter van den Berg. Adagio in G Mineur van Tomaso Albinoni (Italië 1671-1751) asook 'Zie ons wachten aan de Stroom', 'n komposisie van Martin Mans (Nederland).

Kaartjies is R120 (wat 'n ete insluit) of R80 slegs vir die Orreluitvoering. Kaartjies moet bespreek word vir ete.

Kontak Martie van Deventer 073 034 2776. Ander kaartjies sal by die deure te koop wees.



In die eg verbind



Piet Coetzer en Obi Visser is onlangs in die huwelik bevestig deur ds Hans van Vuuren. Obi sou in 'n spoggerige koets na die kerk geneem word, maar weens die reën, was 'n siksensblink motor 'n beter uitweg. Net toe Obi die kerk binnegestap het, het haar twee kleinkinders, Luca Lesch en Miané met groot entoesiasme 'n bordjie gewys met die woorde; "Oupa Piet, hier kom Ouma". Dit was 'n geleentheid wat nog lank onthou sal word. Die egpaar vestig hulle op 'n plaas naby Senekal.



Ons bakens is gemerk as Transnet, SAR&H, SAS, Petronet, Gas of Petroleum Products.



'n Veilige gemeenskap is 'n gelukkige gemeenskap

Hele gemeenskappe – en ons toekomstige voetbalsterre – leef, werk en speel veilig naby 'n Transnet Pipelines ondergrondse hoëdruk petroleum- of gas pyplyn. Hulle gehoorsaam die servituutvoorwaardes en maak seker dat almal in die gemeenskap dieselfde doen. Die servituut is oor die algemeen 6 meter wyd (3 meter aan elke kant van die wit bakens) wat vir die totale lengte van die pyplyne loop, en is 'n area waarvoor ons die regte het om die veiligheid van die pyplyne te handhaaf. Dit is UITERS BELANGRIK dat jou

aksies nie die integriteit van die pyplyne affekteer nie. Om naby die pyplyn bakens te GRAWE of te bou is gevaarlik en mag tot ernstige gevolge lei, wat beserings insluit.

Help ons om jou gemeenskap veilig te hou. Bel ons voor jy grawe of inbreuk maak op die servituutarea!
0800 203 843 of 031 361 1456.